

BYBELKUNDE : TEOLOGIE OP DIE MARKPLEIN

Oor die identiteit van die vak.

Johann Kinghorn

I

Allerlei dieptevrae is tans aan die orde oor Bybelkunde as vak. Dit is vrae soos: die sin van die vak, die funksionaliteit daarvan, die verhouding tot gedoseerde teologie, die verhouding tot die kerk(-e), ens. Hierdie vrae kom ter sprake midde in 'n situasie waar al hoe meer alarmistiese krete gehoor word oor die "stand van Bybelkunde" - veral op skole - en die, min of meer, non-effektiwiteit van Godsdiensonderrig op kolleges en skole. Dit wil sê, in blanke skole en universiteite. By nie-blanke instellings daarenteen, floreer die saak skynbaar en wel om redes wat tot dusver nie duidelik bepaal is nie. Nietemin, die oplewing van die vak onder nie-blanke gemeenskappe profileer die (stil-) "stand" van Bybelkunde onder blankes des te skerper en bring die wye onrus in dié verband sterker aan die lig.

Op 'n eerste vlak sal 'n mens sekerlik die onrus moet sien teen die agtergrond van 'n algemene sosiale onrus in die Suid-Afrikaanse samelewing in sy geheel. Dit is immers so dat daar vir baie mense 'n noue verband bestaan tussen hulle tradisies en/of aspirasies en hulle begrip van die inhoud en betekenis van die Bybelse boodskap. Hierdie verband is nie as sodanig verkeerd nie. 'n Mens moet eerder die gehalte van so 'n verband toets in die lig van die Skrif. Daaroor handel dit egter nie nou nie. Ons het slegs die formele aspek van die verband in die oog. Dit is naamlik dat die Bybel binne hierdie verband funksioneer as 'n geboekstaafde fondament vir sulke tradisies of aspirasies. Kom die tradisies of aspirasies op 'n gegewe stadium onder druk, is dit noodwendig dat die ongemaklikheid wat met so 'n drukte saamgaan, hom sal uitwerk ook op die gangbare begrip van "dit wat die Bybel sê". So 'n drukte loop gewoonlik op 'n polarisering uit - òf die gangbare begrip van die Bybelse betekenis en die tradisie of aspirasie wat daardeur gedra word, word opnuut bevestig gevind, òf afskeid word geneem daarvan en die traumatiese ervaring om inhoudelik 'n alternatief te vind, begin. Maar hoe ook al gereageer word, die vanselfsprekendheid wat aan die "Bybel" geheg is, verdwyn binne so 'n situasie.

Daar is ook 'n tweede vlak waarop die onrustigheid t o v Bybelkunde (en sy afgeleide nl Godsdiensonderrig) afspeel. Ons verwys hier na die byna ondeurskoubaar ingewikkelde proses van verskuiwing in die werklikheidsbeskouing, -beleving en -vormgewing wat hom afspeel (hoofsaaklik) binne die Europese kultuursfeer en

alreeds 'n geskiedenis van minstens driehonderd jaar kan toon. Op die gebied van die teologie het hierdie proses van verskuiwing o a dié uitwerking dat, hoe meer die proses vorder, hoe meer word dit duidelik dat daar tussen die "moderne mens" en die wêreld van die Bybel 'n groot distansie ingeskuif het, sowel wat die sosiale en morele as wat die natuurwetenskaplike kyk op sake betref. Die verwerking van hierdie distansie het daarom een van die hoogste prioriteite van die teologie (respektiewelik anti-teologie) geword. Die reaksies op die ervaring van verwydering strek van die bibliestiese ontkenning van enige distansie tot die ateïstiese kapitulasie daarvoor. Maar hoe ook al gereageer word, weereens moet 'n mens opmerk dat die vselfsprekendheid waarmee die Bybel tevore gehanteer is, plek gemaak het vir 'n naartog stryd om die (korrekte) interpretasie daarvan.

Natuurlik is dit nie net Bybelkunde wat getref word deur sulke woelinge nie. Spanninge oor die genoemde sake is duidelik op te merk binne die teologiese wêreld in sy geheel, asook in verskillende kerklike kringe. Maar dit is te verstane dat 'n vak wat homself onder die naam van Bybelkunde voorstel aan die publiek, gou die teikengebied sal word waarop frustrasies in dié verband afgewentel kan word. Voeg 'n mens daarby die voelbare - maar meesal onuitgesproke - wantrouigheid vanuit kerklik-teologiese oord jeens 'n akademiese omgang met die Bybel wat relatief ongekantoneerd deur kerklike belange bedryf word, dan is dit duidelik dat daar dringende behoefte is aan besinning oor die koers en die rol van die vak Bybelkunde.¹⁾

Sien ek dit reg, dan bundel al die genoemde probleme saam in die vraag wat nog steeds betreklik onopgelos is: wat is die identiteit van die vak Bybelkunde? Eenvoudiger gestel: wat kan 'n student in die besonder en die samelewing in die algemeen van Bybelkunde verwag? Het Bybelkunde 'n *eie* proprium? Dáárop word hier 'n antwoord gewaag.

II

'n Mens se onmiddellike reaksie op die gestelde vraag is om 'n antwoord daarop te probeer bied vanuit die begrip "Bybel", wat immers die kernbegrip in die naam van die vak is. Daarmee is die probleem egter nog nie opgelos nie. Hierbo is reeds opgemerk dat daar tans heelwat verskil van mening is oor die presiese aard en interpretasie van die Bybel. Die begrip Bybel is daarom nie 'n eenvoudige begrip nie. Daarbenewens maak 'n definisie van Bybelkunde op grond van een of ander Bybelbegrip nie duidelik waarin die onderskeid tussen Bybelkunde en die kerklik georiënteerde teologie geleë is nie.²⁾ Werk die teologie dan met 'n ander Bybel as Bybelkunde? Of werk die teologie anders met die Bybel

as Bybelkunde? Dit wil niemand tog hê nie.

Dit is duidelik dat indien die Bybel nie aan 'n toutrekkery prys=gegee moet word nie, daar op 'n ander wyse oor die identiteit van Bybelkunde gedink moet word. So 'n nadenke sal dan wel ook implikasies hê vir die identiteit van kerklik georiënteerde teologie. Ons pak die saak hier aan deur twee bestaande modelle vir die identiteit van Bybelkunde te analiseer en daarna voorstelle te maak i v m 'n derde model. Dit word opgevolg deur gesigspunte wat 'n beleidgewende rol by lg model behoort te speel.

Die eerste model van identiteit kan genoem word: *die antieke model*. Dit is die model wat min of meer algemeen toegepas is op Bybelkunde gedurende die aanvangsjare van die dosering daarvan aan universiteite. Die kenmerkende aan die model is die dubbelslagtige Bybelbegrip. Enersyds word die Bybel beskou as 'n fundamenteel rigtinggewende geskrif, mits dit "teologies" gehanteer word. Onder "teologies" word dan verstaan dat daar aan die letterlike Skrifteks 'n interpretasie toekom vanuit 'n bepaalde kerklike gesigshoek. Waar dit gebeur, kom daar soets soos 'n ekstra dimensie aan die omgang met die Bybel by en alhoewel hierdie ekstra dimensie noodsaaklik is vir sowel die kerk as die indidue en bowendien uit die Bybel self voortvloei, is dit 'n subjektiewe saak wat vir geen wetenskaplike kontrole vatbaar is en derhalwe nie tuishoort by 'n vak wat "uitsluitlik" wetenskaplike pretensies vooropstel nie. Bybelkunde is so, andersyds, alleen wetenskaplik wanneer hy hom by die formele studie van die Bybelse geskrif bepaal. Sodoende sou hy hom dan ook van teologie onderskei omdat dit by laasgenoemde om die materiële aspekte van die Bybel en die versubjektivering daarvan sou handel.

Ironies genoeg word daar op hierdie wyse 'n identiteitsbegrip t o v Bybelkunde gevorm wat juis teologies bepaald is. Dié opvatting toon nl duidelike elemente van die histories-kritiese benadering en voorveronderstellings. Boonop is dit 'n definisie van Bybelkunde wat berus op 'n bepaalde teologiese ensiklopedie. Heel spesifiek is dit 'n definisie wat aan Bybelkunde 'n para-teologiese plek aanwys. As para-teologie kom daar dan aan Bybelkunde die funksie toe om die Bybel in sy gestalte as geskrif wat in die antieke wêreld(e) ontstaan het, te bestudeer. Die swaartepunt van studie lê derhalwe by die bestudering van agtergrond(e) van die Bybel: histories, argeologies, aardrykskundig, ens, die geskiedenis van die teks self: kanoniek en tekskritiek, asook die beligting van die letterlike betekenis van die teks: die teologie/etiek van Paulus, Jeremia, ens.

'n Mens mag die waarde en noodsaaklikheid van bg sake nie minag nie. Dit bly onmisbare *onderdele* van enige verantwoordelike omgang met die Bybel. Maar wanneer dit as 'n selfstandige, ge-

isoleerde en afdoende omgang met die Bybel beskou word, mitsdien as Bybel-kunde, laat dit die Bybel ten prooi val aan 'n wetenskaps= leer wat lank reeds agterhaal is. Dit is veral die insigte van= uit die enorme konsentrasie op die hermeneuse gedurende die afge= lope vier dekades wat duidelik maak dat die skeiding tussen neutrale (lees: objektiewe) waarneming en subjektiewe interpreta= sie nie gehandhaaf kan word nie. Interpretasie, sinduiding en aktualisering is nie 'n tweede trap van omgang met 'n skrifteks nie, maar is reeds vooraf aanwesig (as doelstelling, maar ook inhoudelik) en maak 'n integrale deel uit van die ganse proses van omgang met die teks. 'n Bybelkundige bedryf wat hierdie elemente nie *bewustelik* inkalkuleer nie, opereer derhalwe op 'n naiewe hermeneutiese basis. Wanneer dit gebeur, is daar altyd 'n mindere of meerdere mate van sinverlies, iets wat selfs só sterk kan word dat die totale vak as irriterend ervaar word. En dit eenvoudig omdat die normale verstaans*iklus* tussen 'n teks en sy leser op 'n onnatuurlike wyse verbreek is. Dan voldoen die studie van die Bybel nie aan die volle verstaansbehoefte van die student nie en die ervaring van 'n gebrek aan sinvolheid en funksionaliteit kan omslaan in 'n aversie teen die Bybel self.

Die tweede model noem ons *die konfessionele model*. Hier word erken dat die Bybel nooit op 'n neutrale wyse benader (kan) word nie en dit is dus niks minder as akademiese eerlikheid, wanneer Bybelkunde so bedryf word dat die "teologiese" aspek (soos dit onder die vorige punt omskryf is) openlik op die tafel geplaas word. Die "teologiese" aspek word dan egter verstaan teen die agtergrond van 'n spesifiek-kerklik gestempelde teologie. Daarmee word 'n *bepaalde* kerklik-teologiese horison maatgewend gemaak vir die studie van Bybelkunde - 'n horison wat sy neerslag vind in min of meer algemeen aanvaarde konfessies. Nie dat dié konfessies direk in Bybelkunde ter sprake kom nie, maar die teologiese tra= disie waarvan hulle die simbole is, word onkrities die maatgewende kriterium vir die inhoud van 'n Bybelkunderkursus.

Alhoewel 'n mens die motief moet waardeer agter die konfessionele model, nl om die onhoudbare skeiding tussen objektiewe wetenskap en subjektiewe interpretasie te oorkom, hou die model heelwat probleme in. Op praktiese vlak laat dit geen ruimte vir die diversiteit van kerklike verstaanshorisonne t o v die Bybel nie. Die ingeboude "ekumenisiteit" wat kenmerkend is van die praktiese situasie van Bybelkunde (op universiteit én op skool) en sy variasievolle gehoor, word daardeur uitgeskakel. Op die prinsipiële vlak daarenboven, is dit alreeds uit kerklike oogpunt problematies hoe die verhouding tussen die teologiese bedryf en die bepaalde kerklike konfessies opgevat moet word. Enkele aanduidings van die probleem: konfessies is wesenlik negatief. Hulle ontstaan binne *bepaalde* situasies waar 'n kerk homself genoodsaak voel om standpunt in te neem teenoor iets heel bepaald. Konfessies

kom op uit afweeraksies deur die kerk. Daarom is hulle hoogs gespesifiseerd in inhoud en doelwit. Geen konfessie pretendeer om 'n ensiklopediese uitleg van die Bybel te wees nie (ook nie die Heidelbergse kategismus nie). Sou dit die geval wees, sou die teologie oorbodig wees. En geen enkele konfessie, of almal saam, pretendeer om bindende uitsprake te maak wat die totale spektrum van die mens en sy wêreld dek nie. 'n Teologie wat dit van sy konfessies verwag, is (nogeens) selfverklaard oorbodig. Dus - selfs nie eers 'n kerklike teologie kan homself ontwerp asof hy 'n volkome (of selfs grotendeels) afgeleide van sy eie, aanvaarde konfessies is nie. Veral t o v die groot aantal etiese vraagstukke wat tans om beantwoording roep, is dit duidelik hoe beperk die direkte toepassing van konfessies werklik is.³⁾

Ook vanuit hierdie oogpunt stuit 'n mens dus op die hermeneutiese feit dat daar geen sprake kan wees van 'n tydbos vasgelegde, "objektiewe", voltooide uitleg van die Bybel nie. Die studie en vertolking van die Bybel bly 'n voortgaande saak. Die rede daarvoor is die pluraliteit van situasies (synchronies maar ook diachronies) waarbinne die Bybel telkens ter sprake moet kom. Dit kan vandag nie meer weggeredeneer word nie dat die konteks waarbinne iemand se omgang met die Bybel afspeel, ingewoef is in die tekstuur van sy verstaan van die Bybelteks.

Die derde model wil juis erns maak met dié pluraliteit van situasies en die positiewe daaraan leer waardeer. Daarmee is onmiddellik die moontlikheid geopen om die verskeidenheid wat daar op kerklike en teologiese gebied bestaan tot 'n redelike mate te verdisconteer, sodat verskeidenheid van Skrifbegrip en -uitleg nie noodwendig boumateriaal vir konfrontasie hoef te wees nie. In besonder bied 'n insig in die rol van die konteks by die verstaansakte, geleentheid om die eie identiteit van Bybelkunde te kanadui. Bybelkunde onderskei hom dan nie van kerklik-georiënteerde teologie op grond van 'n bepaalde Skrifleer nie, maar vind eerder 'n wedersydse solidariteit bevestig in die gemeenskaplike betrokkenheid op die een Woord. Die onderskeid lê daarenteen in die gevarieerde konteks waarbinne die luister na en uiteensetting van die Bybel moet plaasvind.

III

Om die derde model 'n naam te gee, is moeilik. Die begrip ekumenies-teologiese model is naaste daaraan. ook van 'n sosiaal-teologiese model kon praat. Die volgende vyf gesigspunte verduidelik waaroor dit handel.

Dalk kom die 'n Mens sou egter Die volgende vyf

Onder die eerste gesigspunt kom die teologiese aard van Bybelkunde ter sprake.

As 'n mens 'n positiwisties-historistiese skeiding tussen empirie en interpretasie onaanvaarbaar vind as basis vir 'n definisie van Bybelkunde, dan kan jy nie anders nie as om interpretasie (en binne hierdie jargon beteken dit: teologie) as 'n integrale aspek van Bybelkunde te erken. Maar wat word dan met teologie bedoel? Die vraag moet hier feitlik onbeantwoord gelaat word. Dit is genoeg om op te merk dat alle *interpretasie*-aktiwiteite t o v die Bybel uitgaan van die veronderstelling dat die Bybel in sigself 'n aansprekende krag het. Die reformatore het dit in die formule *Spiritus cum Verbo* uitgedruk, tans praat vele van die kerugmatiese element. Die bedoeling is dieselfde: die Bybel kan gehoor en verstaan word, omdat hy van sigself sprekend is.

Mits die regte instelling op die Bybel bestaan. Dit beteken, mits die Bybel met dié intensie benader word om die Bybel self "toe te laat" om Bybel te wees. Dié verwarrende opmerking word gou duidelik as 'n mens die feit in gedagte roep dat die Bybel 'n *vervaardigde kompilasie* is. Ons praat hier van die kanoniserings= proses waar kragtens 'n aantal geskrifte wat in sigself uiteenlopend was en is, byeengebring is binne 'n nuwe konteks en binne een totaal-samehang. Die belangrike punt in dié verband is om te verstaan dat die Bybel nie 'n bundel is van soortgelyke geskrifte nie, maar 'n samevoeging van 'n geheel uiteenlopende groep van geskrifte. Die kriterium vir die samevoeging lê daarom nie primêr in die tekste (of hulle agtergronde) nie, maar in die perspektief van die vroeë kerk aan die hand waarvan hy dié uiteenlopende geskrifte (tog) byeengebring het.⁴⁾ Dit sou ons van die spoor voer om verder uit te wy oor die perspektief waarvan tans sprake is. Die punt wat hier onderstreep wil wees is dit: die Bybel dra in sy struktuur self 'n interpretatiewe beslissing mee danksy die redaksionele arbeid van die vroeg-christelike kerk. Anders gestel - sonder die vroeg christelike kerk was daar geen Bybel (soos hy vandag daar lê) nie. In hierdie sin het die Bybel 'n kerklike tuiste en beliggaam die Bybel reeds in sy samestelling 'n kerklike geloofsbelydenis. Om die Bybel Bybel te laat wees, beteken dus dat individuele segmente van die Bybel self, of spesifieke metodes van Bybelstudie nie in abstraksie nie, maar in samehang met die grondliggende interpretatiewe beslissing wat ingebed lê in die vorm van die Bybel, gesien word. So 'n benadering staan dan onwillekeurig in die verlengde van daardie kerklik-teologiese tradisie in verband met die Bybel, wat alreeds 'n aanvang geneem het bý en in die tot-stand-brengingsproses van die Bybel (as een geskrif) self. In hierdie sin is Bybelkunde teologies van aard.

Dit sal egter dadelik duidelik wees dat bg begrip van die kerklikeheid van die teologie ekumenies van aard is. En dit beteken: Bybelkunde vind sy kerklike en teologiese plek op die ekumeniese vlak. Dit het implikasies vir die styl waarmee Bybelkunde bedryf

word. Die aanbieding daarvan sal so moet geskied dat daar in die aanbieding (maar nie by die aanbieder of noodwendig by die student nie) 'n neutraliteit is t o v kerklik-seksionele belange. Dit beteken dat die aanbieding sodanig is dat die student op so 'n verantwoordelike wyse as moontlik met *alle* relevante verstaans-tradisies van die Bybel bekend gestel word. 'n Mens kan hierdie element van die model daarom ook die informatiewe aspek noem. Leidende beginsel is dan die insig dat die Bybel aan die totale christendom behoort en dat die bepaling van 'n eie verstaan van die Bybel nie sonder simpatieke insig in die - dikwels - volkome divergente verstaan daarvan deur ander, kan plaasvind nie.

Waar hierdie model neutraal staan teenoor spesifieke kerklike formasies, staan dit dus nie neutraal teenoor die christendom in die geheel nie. Dit is dan ook juis op hierdie punt dat Bybel=kunde hom onderskei van 'n bloot fenomenologiese benadering soos wat bv deur Religieuse Studies gevolg word. Die ekumenies-teologiese benadering kan juis daarom as 'n teologiese getipeer word omdat dit doelbewus vanuit die gees van die christendom (soos dit hom toespits in die Bybel) bedryf word.

Ons tweede gesigspunt kan ons 'n geesteshistoriese noem. Die invloed wat die christendom uitgeoefen het op die geskiedenis en kultuur van Wes-Europa en die sfere waar die Wes-Europese kultuur sy stempel gelaat het, is vandag byna nie meer verhaalbaar nie. In letterkunde, kuns en argitektuur, in die geskiedenis, filosofie en ekonomie, in oorlog en vrede, in die algemene sede-opvattinge, ja tot selfs in die neo-Marxisme, wás en is opvattinge oor die Christendom maatgewend. Dit is maar eers gedurende die afgelope 150 jaar dat die Wes-Europese kultuurwêreld pogings begin aanwend het om die christendom uit sy sisteem uit te skot. En dit is maar eers sedert 1919 dat daar in die christelike teologie self 'n sensitiwiteit ontwaak het vir die gevare verbonde aan 'n gemaklike verbintenis tussen geloof en kultuur en die term christendom soms teologies 'n negatiewe konnotasie verkry het. Máár albei, aksie en reaksie, is nog steeds nie los te maak nie van die lang christelik beïnvloede kultuurtradisie van byna 1 800 jaar. Feit bly dat die tradisiepakkiet waarbinne die Bybel na ons toe deurgekom het, só nou gebonde is aan die christendom, dat die Bybel (as simbool van die pakkiet) steeds as 'n gemeenskaplike besit beskou word. Trouens enigeen wat die protestantse tradisie aanhang sal die "oopte" van die Bybel as onverhandelbare uitgangspunt stel.

Dit is in hierdie gees dat die vak Bybelkunde inderdaad 'n plek op die kurrikulum van die humaniora - op universiteit sowel as op skool - kon verwerf. Met goeie reg ook. En dan nie net om op empiriese wyse rekenskap te gee van 'n gepasseerde tradisie nie, maar om *binne* daardie tradisie en *as* daardie tradisie voort te gaan. Uit die oogpunt van diegene wat met 'n eensydige kyk op die

Barthiaanse teologie⁵⁾ met 'n utopiese "loodreg-van-Bo" kruisteologie wil opereer - dis deesdae mode om van 'n escatologia crucis te praat - sal natuurlik enige geesteshistoriese "fundering" van die teologie (ook in sy Bybelkundige gestalte) sektaries vind. 'n Antwoord op so 'n aanklag sal primêr op die defisiënte skepingsleer - in die tradisionele teologie asook in die "nuwere" teologie - moet wys. Maar dit kan uiteraard nie hier gedoen word nie. In elk geval is die bedoeling nie om hier weer 'n neokolonialisering van die kultuur deur die geloof of omgekeerd te propageer nie. Maar as 'n mens beseft dat die geesteshistoriese situasie waarbinne ons leef en waarbinne die humaniora bedryf word, gestempel is deur 'n fundamentele inset vanuit die saak van die christendom, en dat daar bowendien genoeg positiewe gesindheid is om voort te gaan met dié tradisie (al is dit bloot net omdat nie-mand sy herkoms kan afweer nie), en as 'n mens 'n oog het vir die grootskaalse direkte aansluiting in die Bybel - ook in die Nuwe Testament - tussen die geloofswêreld en die lewenswaardes van destyds, dan kan 'n mens nie, prinsipiëel of prakties, die bedryf van 'n akademiese vak wat hom positief bemoei met die christelike tradisie en in die verlengde daarvan lê, midde-in die geesteswetenskaplike wêreld weier nie. En dan sal 'n mens van so 'n vak verwag dat hy in terme van die humaniora, ja selfs as humaniora sy saak sal bedryf.

Ons derde gesigspunt, nl dié t o v die integrasionele aard van Bybelkunde, vloei direk uit die voorgaande. In die lig van bogenoemde gesigspunt is dit duidelik dat die christelike tradisie gekenmerk word deur die feit dat dit 'n fundamentele rol speel by die kweking van lewens- en wêreldbeskoulike *waardes*.⁶⁾ Sulke waardes is hoogs abstrak, moeilik om te bepaal en funksioneer baie keer slegs op 'n intuitiewe vlak. Maar hulle is nogtans reël en vorm die grenslyne van die speelveld waarop die lewe in die algemeen hom afspeel. Waar dit uiteraard noodsaaklik is dat daar op akademiese terrein (heelwat) vakke sal wees wat hulle met die oorstelpende verskeidenheid van partikuliere elemente van die lewenspel besig hou, is dit ook noodsaaklik dat daar dié sal wees wat hulle aandag wy aan die spel in sy geheel, sy doel en sy grense. Dit gaan daarin dan nie om skeidsregter of keurder te speel nie, maar om soiets soos 'n saamspelende gewete wat die individuele spelers aanpor om die spel sinvol deur te speel.

Daar is in werklikheid maar slegs twee denkdisiplines wat hierdie rol kan speel, te wete filosofie en teologie. Met die plasing van Bybelkunde binne die fakulteit van die humaniora, kry die teologie in die praktyk sy geleentheid om werklik as een speler tussen baie (alhoewel met 'n omvattender funksie) en in wisselwerking met hulle, te funksioneer as integrasiewetenskap - op so 'n wyse dat sy funksionering ongekunsteld *deel van die bestaans*=

milieu van die ander wetenskappe is. 'n Groot hap uit die, baie keer, kunsmatige distansie tussen die teologie en die ander wetenskappe kan daardeur weggeneem word, tot voordeel van albei kante.

Die belangrikheid daarvan dat Bybelkunde bewustelik die integrasionele aspek bedryf, moet nie onderskat word nie. Een van die meelopers van die hoogs komplekse en diverse wêreld van ons dag is die ervaring van diskontinuiteit en relatiwiteit. 'n Lewens- en wêreldbeskoulike vakuum word maklik hierdeur veroorsaak en die destruktiewe uitwerking wat dit op psigologiese, morele en humanitêre terrein het, kan skrikwekkende afmetings aanneem. Binne so 'n situasie is die oriënterende karakter van Bybelkunde - wat uit die aard van die saak 'n sterk normatiewe en lewensbeskoulike ("leerstellige") dimensie vertoon - broodnodig. Tege-lykertyd sal 'n mens moet waarsku teen 'n Bybelkunde wat die "sagte opsie" volg deur studente van voorafverpakte, sussende en skynbaar vroom antwoorde te bedien. Vir naïwiteit is daar nie nóg ruimte nie - daarvan word reeds 'n ooraanbod gebied. Vir egte lewensperspektief daarenteen is daar groot aanvraag.

En dit bring ons meteen by die vierde gesigspunt wat handel oor die sosiale relevansie van Bybelkunde. Dit gaan hierin nie soseer om die "dat" nie, maar die "hoe". Dat die Bybel sosiaal relevant is, word deur niemand betwyfel nie, maar wát die relevansie is en hoé dit uitgespel moet word, is kennelik hoogs omstrede. Dit veral omdat die pluraliteit van lewenservaring, danksy die industriële en tegnologiese opset van die huidige maatskaplike bestel, só onoorskoulik groot geword het, dat niemand hom dit nog kan toe-eien om alles te kan begryp nie. (Niemand is seker meer hiervan bewus nie as juis die predikant op sy preekstoel en die onderwyser in die Godsdiensonderrigklas.) Die gevolg is dat die sosiale relevansie van die Bybel en die christendom toenemend beperk word tot enkele sake wat die individu op individuele vlak raak. 'n Waardevakuum word daardeur geskep sodra dit kom by die mens in sy strukturele verband. Die mens is immers ook 'n gemeenskapswese, deelhebber aan 'n ekonomiese struktuur, landsburger, ens. Dit is juis t o v hierdie sake dat die verskil tussen Bybelse tye en die huidige besonder duidelik word en 'n direkte toepassing vanuit die Bybel op die huidige situasie onmoontlik blyk te wees. 'n Hoogs verantwoordelike wyse van omgang met die Bybel sowel as deeglike kennis van die verskillende sosiale strukture en prosesse is nodig voordat die relevansie van die Bybel op hierdie gebiede aangedui kan word. Dit is iets wat alleen kan gebeur wanneer daar 'n hoé en gereelde mate van samewerking is tussen die Bybeluitlegger en kundiges op die gebiede van studie wat met makro-sosiale sake te maak het.

Dit spreek vanself dat Bybelkunde danksy sy plasing, fisies in die posisie is om só 'n samewerking op deurlopende grondslag te

kan deurvoer. Dit is te hope dat so 'n benadering sal lei tot 'n meer verantwoorde hantering van die Bybel - gegewe die parameters van die "moderne" lewensmilieu - en daarom ook deur ander ervaar sal word as 'n meer funksionele en relevante vak as wat tot dusver die geval was. Op dié wyse sal Bybelkunde dan tog wel sy plasing tussen die humaniora bewaarheid - nie op so 'n wyse dat hy sy inhoud en wese van die humaniora herlei nie (dit sou 'n soort van religieuse humanisme beteken), maar wel sodat dit die humaniora ten goede kom en die humanitêre inslag van die Bybel gehonoreer word.

Vyfdens, dit alles plaas op Bybelkunde die onus om hom terdeë te bemoei met die uiters ingewikkelde en delikate gebied van die hermeneutiek. Hermeneutiek is 'n tema wat alreeds vanuit die interne ontwikkelinge van die teologie oor die afgelope twee eeue besonder belangrik geword het. Des te meer bring die eise van konkreetheid en sosiale relevansie 'n noodsaak mee vir verantwoordes hermeneuse wat die proses van interpretasie en relevering deurgaans begelei. 'n Omgang met die Bybel vandag wat nie deurgaans implisiet en in alle fasette van sy Bybelstudie - ook by die sg, tegniese sake soos die argeologie en die historiese - 'n deurdagte hermeneuse bedryf, en ook eksplisiet die hermeneutiek in sy volle kompleksiteit aan die orde stel nie, maak hom skuldig aan 'n naïewe teksinterpretasie sowel as aan 'n naïewe aktualisering van die Bybel met die oog op die "moderne" wêreld. Wat per slot van rekening in die huidige hermeneutiek op die kaarte is, is die vraag hoe die Bybel op 'n gesagvolle en relevante wyse binne die parameters van die industriële wêreld met sy eiesoortige eise en strukture kan funksioneer.

IV

Die vyf gesigspunte hierbo is natuurlik abstrak. As hulle egter, in samehang met mekaar, gebruik word as vooringenomenheid by die ontwerp en bedryf van Bybelkunde, sal dit gou blyk, in vorm en inhoud, dat dié soort Bybelkunde wattoet stand kom 'n eie karakter vertoon. Dit nie omdat Bybelkunde 'n ander aspek van die Bybel bestudeer as wat die "teologie" doen nie, ook nie omdat die Bybel (metodologies) anders behandel word nie, maar omdat die Bybel binne 'n ander konteks figureer. Kerklik gesproke is dit 'n konteks wat ekumenies gestempel is. Maar belangriker nog, dit is 'n konteks waarbinne die waardevormende en lewensoriënterende kwante van 'n denkdissipline deurslaggewende kriteria vorm vir die beoordeling van die funksionaliteit - en dit beteken summier geloofwaardigheid - daarvan. Beeldend uitgedruk: waar die kerk=lik-georiënteerde teologie 'n bedryf van die teologie op die kerk=plein is, is Bybelkunde teologie op die markplek.

Die onderskeid tussen Bybelkunde en kerklik-georiënteerde teologie is dus geleë in die onderskeie situasies waarbinne elkeen met die uitlegaksie besig is. Natuurlik is dié onderskeie situasies nie waterdig van mekaar afgeseël nie. Bybelkunde staan per slot van rekening ook binne die borgskap van die kerk, al is dit in sy eku-meniese gestalte. Daarteenoor geld vir die kerklik-georiënteerde teologie tog ook dat hy, tesame met die kerk wat hy dien, ingeweeft staan in die patroon van die breë lewensbestel. Maar dit neem nie die feit weg nie dat die primêre milieu van die kerklik-ge-oriënteerde teologie 'n spesifiek kerklike groepering is, terwyl dit vir Bybelkunde die breë wêreld van die sosio-ekonomiese en die tegnologiese is.

Die uitwerking wat die primêre milieu waarbinne die uitlegaksie van die Bybel plaasvind, op die voltrekking van daardie aksie het, moet nie onderskat word nie. Die groot mate van diversiteit in die NT is immers grootliks te danke aan die feit dat die verskil-lende geskrifte met die oog op verskillende situasies geskryf is. Ook die geskiedenis van die teologie - die feit dat die teologie 'n geskiedenis het - lê getuieis af van die rol wat die konteks van die denke speel in die voltrekking daarvan. 'n Mens sal al-leen dan die invloed van die primêre milieu van die teologie kan neger as jy meen dat die inhoud van die teologie - verstaan as uitleg van die Skrif - 'n pregefabriseerde pakket is. Die Skrif-beskouing wat só 'n teologiebegrip dra, is fundamentalisties van aard en die Bybel word dan gehanteer asof dit 'n "arsenaal ... van waarhede"⁷⁾ is - 'n wyse van Skrifomgang wat dalk die alge-meenheid van die Bybel honoreer, maar dit dan teen die prys van konkreetheid. Boonop laat jy jouself dan nog aan die illusie ly dat ons in 'n homogene wêreld leef waarin dit moontlik is om met uniforme leerstelsels en waardesisteme te opereer omdat dié wêreld in wese uniform sou wees. Wie só dink het die impak van die industrialisasieproses nog nie verstaan nie.

By alle aandag vir die konkreetheid van die teologie mag die ge-vaar dat die konkrete milieu op 'n sluipende wyse die proprium van die teologie word, natuurlik nie geminag word nie. Bybel-kunde sal moet waak daarteen dat hy 'n teologie van die markplek word. So ook die kerklik-georiënteerde teologie wat maklik kan verval in 'n teologie van die kultus. Maar sulke waarskuwings mag nou ook nie só gekonstrueer word dat die teologie nie meer in staat is om sy funksie(s) te vervul in die verskillende situasies waarin hy te staan kom nie. En dit mag ook nie só verstaan word dat die teologie, wat inset en doelwitte betref, onaangetas word deur die primêre milieu waarbinne hy sy gang moet gaan nie - sodat hy dan nie meer in staat is om teologie vir daardie situasie te wees nie, sy dit die kerkplein of sy dit die markplek.

Ons derde model gaan daarom ten diepste uit van die veronderstel-

ling dat die een teologiese arbeid insigself vele kante het en boonop hom binne 'n lewensbestel bevind wat inherent veelkantig is. Dit bring 'n soort arbeidsverdeling mee. Bybelkunde kan hier positief meedoen wanneer hy dit vir sy rekening neem om die swaartepunt van sy teologiese denke so aan te lê dat die saak van die christendom midde-in die sekulêre markplein van die "gewone" wetenskappe as 'n funksionele en relevante saak gehoor en ervaar word.

NOTAS

1. Nie dat daarmee 'n apologie vir die bestaan van die vak aange-teken word nie! Dit is goed om hier in gedagte te hou waarom die vak *kon* ontstaan het, en nog bly voortbestaan.

Dit is (en was deur al die eeue) 'n uitvloeisel van 'n gesonde geloofsbelewing dat daar al hoe meer gevra word na 'n intellektuele uitdrukking en verantwoording van die geloof. Fides quarens intellectum! Die faktore wat 'n rol speel om 'n behoefte aan 'n intellektuele dimensie van die geloof te voed, is gekompliseerd en getalryk en kan nie hier verder uitgespel word nie. Dit is genoeg om op te merk dat hierdie behoefte die onderliggende dryfveer aan alle teologie is en was. Daarom is dit te verwagte dat daar in 'n land soos Suid-Afrika wat tot dusver 'n tradisie het van 'n lewendige kerklike praktyk, óók mettertyd 'n lewendige belangstelling in 'n intellektuele uitklaring van die geloof sou groei - nie net by diegene wat in voltydse kerkampste staan nie, maar inderdaad ook by diegene wat hulle daaglikse brood op "sekulêre" wyse verdien en wil bly verdien.

Maar, in Suid-Afrika is die praktyk - binne die Gereformeerde tradisie en sy invloedssfeer - egter dat die teologie (as wetenskaplike vormgewing van die intellektuele dimensie) ver-skans is agter 'n eerste (en hoogs gespesialiseerde) graad en bowendien hoofsaaklik ingerig is vir die opleiding van kerk-amptenare en gevolglik sterk trekke van professionele gerigtheid vertoon. Daarmee het die teologie 'n algemeen akademiese toeganklikheid ingeboet en 'n potensieel breë akademiese gehoor haweloos gelaat. Dit is hierdie vakuum wat Bybelkunde betree het en dit is binne hierdie domein wat Bybelkunde in Suid-Afrika (ten minste aan universiteite) bly bestaan, solank as wat die meeste teologie kursusse gerig bly op die doelwit-area soos wat dit tans is. Dit het daarom nie baie sin om oor die bestaansgrond van Bybelkunde te debatteer nie. Ter sprake is veel eerder die bestaansrol.

- 2) Die verkeerde gevolgtrekking mag nie hieruit gemaak word nie, nl dat Bybelkunde nie teologies van aard is of mag wees nie. Bybelkunde *kan* m i nooit anders as teologies van aard wees nie. 'n On-teologiese Bybelkunde is geen Bybelkunde nie. Natuurlik, as 'n mens die teologiesiteit van die teologie op die kerk wil begrond, is alle sistematies-intellektuele omgang met die Bybel wat nie uit, vir en deur die kerk bedryf word nie, on-teologies. Geen Protestant kan egter hierdie weg opgaan nie omdat hy daarmee in beginsel die spreekkrag van die Bybel afhanklik stel van die gesag van die kerk. Die saak van die Bybel strek wyer as die grense van die kerk(en genadiglik ook wyer as die grense van die akademiese omgang met die Bybel). Die kriterium vir 'n korrekte omgang met die Bybel lê nie in 'n eksterne kontrole-liggaam nie, maar uitsluitlik daarin dat daar op so 'n wyse met die Bybel omgegaan word, dat hy self aan die Woord kom. Waar dit gebeur - binne of buite die geïnstitusionele kerk - vind 'n teologiese omgang met die Bybel plaas. Die teologiesiteit van die teologie word nie geborg deur enige eksterne kontrole nie, maar alleenlik bepaal deur die Woord van die Bybel in die eerlike luister en soeke daarna. Dat, in ons diverse wêreld, hierdie hoor en soeke in verskillende tipes situasies - en derhalwe vanuit verskillende perspektiewe - geskied, moet ons leer aanvaar as 'n verryking eerder as 'n probleem.
- 3) Dit is goed om op te merk dat Bybelkunde-syllabusse, ten minste op skool, tans nie veel meer is nie as 'n onversoende samevoeging van inhoude wat onder druk van die eerste twee modelle bepaal word. Dit sal uit die beredenering hierbo van die probleme wat aan elkeen verbonde is, duidelik wees waarom Bybelkunde tans ervaar word as onfunksioneel en ook Godsdiensonderrig - wat tot 'n hoë mate die tendens van Bybelkunde volg - 'n enorme ontevredenheid wek. Die volgende gesigspunte waaronder die derde model vervolgens uitgespel word, mik daarom o a ook daarop om 'n perspektief op 'n Bybelkunde-bedryf te bied wat nie skuldig hoef te staan op 'n aanklag van onfunksionaliteit nie.
- 4) Dit is na my mening nie die primêre hermeneutiese probleem van die teologie wanneer hy hom besig hou met die "oordrag=probleem" (hoe om die historiese gaping van destyds na vandag toe te oorbrug) nie. Dieperliggend as dit is die vraag na die eenheid van die Bybel. Want die feit dat verskillende geskrifte byeen *gebring is*, is vormgegewe uitdrukking van daardie interpretasie-aksie wat 'n enkele horison kon vind wat die ooglopende divergensie kon oortref. Hierdie - noem dit - perspektiefgewende plus is deur middel van die kanoniseringsproses in die Bybelse tekstuur ingebou en vorm die primêre horison vir alle ander vrae i v m die verstaan van die Bybel.

- 5) Die Barth van die "senkrecht von Oben" is ook die Barth van die universele Christus. Dié twee perspektiewe staan *nie* teenoor mekaar in sy teologie nie, maar konstitueer mekaar wedersyds.
- 6) Dit is iets anders as om van *waardesisteme* te praat. M i kan 'n christelike dogmatiek en etiek niks meer doen as om die grondstof te lewer met behulp waarvan daar in elke konkrete situasie 'n bepaalde kwaliteit van vulling aan die situasie gegee kan word nie. Enigiets meer as dit, enig= iets wat in die rigting van 'n sisteem neig (teologies noem 'n mens dit kasuïstiek) maak van die christendom 'n ideologie. En 'n ideologie is niks anders as 'n moderne vorm van werkge= rigtheid nie.
- 7) W D Jonker - *Die Gees van Christus*, p 26.